Office of the Managing Director

Mutual & Federal Centre
75 President Street Johannesburg 2001
P O Box 1120 Johannesburg 2000 R.S.A.
Tel: (011) 374-2004 Fax: (011) 834-7810
kkennedy@mf.co.za
www.mf.co.za

31 Augustus 2010

Beste Tussenganger

ARTIKEL IN SAKE-RAPPORT OP SONDAG 29 AUGUSTUS 2010

'n Artikel met die opskrif 'Makelaar verdwyn, sê hoof van M&F' het verlede Sondag in die Sake-deel van Rapport verskyn. Die opskrif impliseer dat ek gesê het makelaars sal uit ons bedryf verdwyn. Ek het op geen stadium tydens die onderhoud met me Adri van Zyl so iets gesê nie, en hoewel die artikel self 'n billike weergawe is van wat bespreek is, het ek 'n groot probleem met die opskrif. Ek het die saak met die koerant opgeneem.

Tydens die onderhoud het ek oor 'n verskeidenheid onderwerpe gesels – van my naderende aftrede tot die lae persentasie versekerde voertuie op Suid-Afrikaanse paaie. Ek het melding gemaak van die uitdagings waarmee ons makelaars te kampe het, weens faktore soos nuwe wetgewing, veranderende markkragte en die gebrek aan genoegsame opvolgbeplanning vir makelaars. Hierdie kwessies is belangrik aangesien makelaargeleide besigheid uiters waardevol is vir Mutual & Federal en die korttermynbedryf. As 'n Raadslid van die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging (SAIA) probeer ek help om oplossings te vind wat 'n volhoubare toekoms sal skep vir die belanghebbers in ons bedryf – makelaars, korttermynversekeraars en kliënte.

Dit is jammer dat die punte wat ek in die artikel wou tuisbring deur die opskrif oorskadu is.

Vriendelike groete

Keith Kennedy

Mutual & Federal Insurance Company Limited Reg. No. 1970/006619/06 VAT No. 4460101019 Authorised Financial Services Provider
Directors: J.B Magwaza (Chairman), K.N Kennedy (Managing), T.A. Boardman, G. Cookman* , M.J. Harper, D.E.H. Loxton (Financial), A.A. Maule, R. P. Menell, M. Mia, P.G.M. Truyens**, P.R.E. Tsukudu, * British ** Dutch **Secretary:** B.R. Laird-Smith.

A Member of the OLD MUTUAL Group